**Titel:** Woord en Gees
**Spreker:** Heyns du Preez
**Datum:** 22 Februarie 2015
**Tyd:** 09:00

Ons het 'n wanballans ten opsigte van die tweede en derde persone van die Drie-enige God in die kerk. Tussen die Woord en die Gees.

Sommige kerke sê: "Ons het die Gees" en ander sê: "Ons het die Woord".
Dit is 'n afgryslike kontras vir die Here.

Oor die algemeen neig mense om meer van een saak as van 'n ander te hou. Ons kies gewoontlik wat of wie vir ons beter is, veral in onbekende situasies.

1. **Die Drie-eenheid / Drie-enige God**
   God die Vader
   God die Seun
   God die Heilige Gees

2. **Skrif wat na die Drie-eenheid verwys:**
   Genesis 1
   Matteus 3
   Lukas 3
   Markus 1
   Johannes 1
   Matteus 28

**lukas 3:21-22**
Toe al die mense hulle laat doop het, is **Jesus** ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die **Heilige Gees** in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n **stem uit die hemel**: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

3. **Jesus as Woord van God**

**hebreus 1:3**
"Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand..."

**johannes 1:1**
"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."

**johannes 1:14**
Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

**Die Groot gebod**

**matteus 22:37-40**
Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

**deuteronomium 6:5**
Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

Die Woord van God is ‘n manifestasie van Jesus Christus die Woord van God.

**Heilige Gees as Gees van God**
**johannes 4:24**
God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.

**handelinge 1:8**
“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

**1 korintiërs 12:7**
“Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.”

Die uitwerking van die Heilige Gees is ‘n manifestasie van Heilige Gees van God.

4. **Woord en Gees en die geskiedenis**
   Ou Testament
   Nuwe Testament
   Apostoliese tyd
   Kerkvaders
   Donker Middel-eeue
   Die Reformasie
   Die Herlewings
   Vandag

5. **Waar bevind jy jouself?**
   Twyfel in die hedendaagse uitwerking van die Heilige Gees of soorteglyk? OF
   Die beskouing dat die Bybel eentonig, oudtyds en moeilik om te verstaan is (so dan lees ek eerder maar net die maklike dele, want dit is lekker)?

God se begeerte is dat ons gevul word met sy Heilige Gees
EN
God se begeerte is dat ons Hom leer ken deur sy Woord te ken.

Ons moet deur sy Gees gelei word en die werke doen wat Jesus gedoen het onderleiding van die Gees en in ooreenstemming met die Woord van God
EN
Ons moet sy Woord bestudeer en in sy volheid dit ken, begryp en verstaan deur die leiding van die Gees

**Lees die Woord!**
(Ken vir Jesus – Mat 7:22-23)
**Volg die Heilige Gees!**
(Moet Hom nie weerstaan nie – Ef 4:30)

**Beide die Woord en die Gees is kragtig!**
**hebreus 4:12**
“Die **woord** van God is lewend en **kragtig**...”

**handelinge 1:8**
“Maar julle sal **krag** ontvang wanneer die **Heilige Gees** oor julle kom...”

**God is ‘n God van verhouding**
Hy is in verhouding met Homself en met ons en sy Gees en Woord werk saam.

**Die samewerking**
Die Woord openbaar die wil van God en die Gees gee leiding en krag vir die uitvoering van die wil van God.